| | |
|---|---|
| SERVIMUS | **PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>PRIVAATSAK X53<br>PRINS ALBERT<br>6930 |

**KENNISGEWING 49/2022**

**DIREKTORAAT: GEMEENSKAPSDIENSTE**

**VAKATURE: SENIOR VERKEERSBEAMPTE**

**AFDELING: VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENSTE**

**EKSTERNE KENNISGEWING**

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:*

**SENIOR VERKEERSBEAMPTE**

**MINIMUM VEREISTES**

Moet 'n geregistreerde Verkeersbeampte wees met die volgende kwalifikasies:

- Graad 12
- Nasionale Verkeersbeampte Diploma;
- Diploma - Toetsbeampte vir Leerling- en Bestuurslisensies
- Toepaslike operateur sertifikaat vir spoedmeting toerusting;
- Kode B/EB-Rybewys;
- Goeie menseverhoudinge
- Vermoë om te kommunikeer in twee amptelike tale, Afrikaans, Engels of Xhosa soos van toepassing in die Wes-Kaap Provinsie;
- Vermoë om konflik effektief te hanteer

**ONDERVINDING**

- Minimum van vyf jaar werksondervinding as verkeersbeampte.
- Minimum drie jaar werksondervinding in toesighoudende hoedanigheid in verkeersdienste
- Moet toegang tot E-Natis stelsel het en aktief werksaam is op die stelsel.

**PLIGTE**

- Verkeer wetstoepassing in terme van Nasionale Padverkeerswet en Nasionale Padvervoerwet
- Munisipale Wetstoepassing ten opsigte van Munisipale verordeninge
- Verkeersadministrasie
- Verrig aktiwiteite/take wat verband hou met die toetsing en uitreik van leerlinglisensies;
- Tree op as Bestuursverteenwoordiger
- Personeel Bestuur en Toesighouding
- Wetstoepassing patrollies onderneem binne munisipale regsgebied
- Bywoon en hantering van klagtes
- Hulp verleen tydens opstel van padblokkades
- Behulpsaam wees met rampbestuur aktiwiteite
- Bywoon van Hofverrigtinge

- Bereid om oortyddiens te verrig soos wat van tyd-tot-tyd vereis mag word.

**SALARIS**: **T12 – R 318 025.08 per jaar (R 26 502,09 per maand)**

Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof en siekteverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

**DIENSTYDPERK:** **PERMANENT**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 15 APRIL 2022 OM 15H30**

Aansoeke moet gerig word op die voorgeskrewe aansoekvorm (verkrygbaar van die munisipale webblad of Menslike Hulpbronkantore), vergesel van 'n dekbrief, curriculum vitae, oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, en moet gerig word aan **Mnr Abridon Sass**, **MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op **VRYDAG, 15 APRIL 2022 OM 15H30.**

Navrae kan gerig word aan **Mnr Abridon Sass by Tel. 023 541 1036 of per e-pos (jobapplications@pamun.gov.za).**

Die Munisipaliteit van Prins Albert is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

| | | |
|---|---|---|
| **PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**Privaatsak X53,**<br>**PRINS ALBERT**<br>**6930**<br>**e-pos:**<br>**jobapplications@pamun.gov.za**<br>**Tel. (023) 5411036**<br>**Faks. (023) 5411321** | SERVIMUS | **ALDRICK HENDRICKS**<br>**WNDE. MUNISIPALE BESTUURDER**<br><br>**28 MAART 2022** |